

18 Junie Psalm 4

(Teks: 4:7)

God gee krag in die stryd!

Die inhoud van hierdie Psalm leer ons nie net wat Dawid se houding teenoor God en sy vyande in die stryd was nie, maar ook wat sy houding teenoor sy medegelowiges was.

Dawid het in die stryd nie net met homself en sy vyande te doen gehad nie, maar ook met sy medegelowiges. Sy optrede teenoor hulle was net so aangrypend soos in die geval van sy vyande.

In die stryd het hy hulle op 'n besondere wyse bemoedig. In sy stryd dink hy nog aan sy broeders en susters. As hy bid:" Verhef oor ons die lig van U aangesig," dan merk ons hy dink nie net aan homself nie, maar ook aan sy medegelowiges. Hy dra hulle op die hart. Die woordjie "verhef" beteken ook beskerm. Wie die beskerming van die HERE geniet, hoef niks te vrees nie.

Hier leer ons dat ons as gelowiges mekaar in die stryd moet bemoedig. Ons moet mekaar opdra aan die genadetroon van God. Ons krag en sterkte en beskerming kom van die HERE; daarom hoef ons niks te vrees nie.

Ook hierin het ons Here Jesus Christus, vir ons die weg gewys. Hy het nooit diegene wat aan Hom behoort in die stryd vergeet nie. Hy het vir hulle gebid (Joh. 17).

Kom ons bid vir mekaar en bemoedig mekaar.

Sing Psalm 111:1 en 4

Ds. E.J. Smit (Pretoria-Magalieskruin)